

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Word kragtig in die Here

Skriflesing: Efesiërs 6:10-20

Hoe kom 'n mens by die hart van 'n probleem uit? Ons het deesdae soveel teorieë oor wat presies die oorsaak van al die probleme in die wêreld, ons land, ons gemeenskap en lewe is. Ons word so gebombardeer met inligting en kitsoplossings, dat ons baiekeer nie by die hart van die saak uitkom nie. Ons behandel net die simptome.

Teksvers: Efesiërs 6:10-13

Sing:

Ps 149:1,2

Ps 19:6

Ps 107:1,3

Ps 1:1,2

Sb 13-3

Paulus beskryf egter vir ons die waarheid van die grootste probleem wat gelowiges in die gesig staar: Ons is besig met 'n oorlog! 'n Geestelike oorlog, geestelike worstelstryd wat vir elkeen van ons die belangrikste ding moet wees wat jy in hierdie wêreld doen. Is ons gereed? Weet ons wie ons is?

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Carina vd Dussen

Klank: Jan-Teunis Reesink

Prediker: Ds Lohan Linde
GK Wonderboom-Suid

SONDAGAAND 18:00

Here hoor my as ek tot U nader!

Skriflesing: Nehemia 1

Nehemia fokus in hierdie eerste van tien gebede op die grootheid van die Here. Dit is sy basis waarop hy staan om tot die Here te nader.

Teksvers: Nehemia 1:4-10

Sing:

Ps 40:1,2

Sb 12-3:1,2,3,4

Ps 138:1,2

Ps 138:3,4

Sb 13-3

Die Here is die groot en ontsagwekkende God. Verder bely hy die sonde van homself, sy gesin en die van die Israeliete. Dan eers kan hy op die Here fokus wat getrou bly aan sy beloftes.

Laastens kom hy in hierdie gebed om sy behoefte aan die Here te stel. Geen gebed kan gebid word sonder die besef van die Here se grootheid en ons eie afhanklikheid aan die Here nie.

Mag jy met groot verwagting tot die grote God nader in gebed, wetende dat jy totaal en al van Hom afhanklik is.

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Pieter vd Dussen

Klank: Andre Beumer

Prediker: Ds Paul vd Berg

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 27 18 Augustus 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Negatiewe sake word deur God gebruik vir positiewe gesindhede

Die lewe kan so maklik vir ons negatief raak. Jou omstandighede kan jou so maklik negatief maak. Gebeure in jou lewe, in die skool, by die werk, in die politiek, in die ekonomie, in jou huwelik, in jou verhoudinge met jou werkgewers, onderwysers, ens. Maar hoe reageer jy hierop? Dit is so maklik om vanuit hierdie negatiewiteit te leef en self negatief te raak. Alles kan so maklik donker word om jou.

MAAR...

God is steeds in beheer van jou lewe en van die hele wêreld. Dit is so maklik om op jouself en jou gewes en jou omgewing te vertrou in plaas van op God.

Paulus was seker een wat baie negatief kon raak oor sy lewe en lewensomstandighede. Dink maar hoe het hy gely. Eers was hy 'n Fariseër, 'n dinamiese leier van die volk met 'n blink toekoms van eer en aansien. Dan ruk God alles van hom weg deur hom met blindheid te slaan op pad na Damaskus. Dadelik weet Paulus dit is God wat met hom praat. Paulus word wederbaar sodat hy tot die besef kom dat God nie negatiewe dinge in sy lewe laat gebeur om hom, fisies en geestelik "te breek" nie, nee God gebruik hierdie dinge juis om hom sterk te maak vir sy dienswerk..

"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." 2 Kor 12:9. Dit is juis wanneer jy altyd besef dat jy volkome op God moet vertrou. "Ora et labora!" Bid en werk. En wanneer jy besef Mat 5:3 *"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."*

Dit is wanneer ons in totale afhanklikheid van God leef dat ons weet dat ons met al ons swaarkry, wat dit ookal mag wees, na God toe moet gaan. Vertrou op God! God is in beheer. God sal nooit die werke van sy hande laat vaar nie. Maar deur swaarkry groei ons ook in ons geloof, omdat ons weet dat God altyd by ons is en vir ons sal sorg.

Ds. Gerrit

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/082 964 5595
Ds Paul van den Berg: 084 263 2055



DIENSBEURTE: Ouderlinge:

Alethea: Jan Nel

Diaken: Liesje Kuperus

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 18, Ps 9:1

Volgende week: Hersiening Les 13-18, Sb 10-2:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

BYBELSKOOL van CENTURION

bied aan

My identiteit in Jesus Christus

olv ds Paul vd Berg

In die afgelope jare het daar al baie snaakse beskouinge oor “wie die mens is” na vore gekom. So is daar ’n sekere tendens waar mense vandag hulle kinders seksueel neutraal wil groot maak sodat hulle eendag self sal kan kies of hulle ’n man of vrou wil wees.

Die media en selfs kerke het die afgelope tyd oor homoseksualiteit gepraat. Voorstanders van byvoorbeeld homoseksualiteit sal sê dat: “God my so gemaak het,” of “dat ek is wat my gene of my omgewing my gemaak het”.

Ander mense het groot geword met ’n swak selfbeeld en glo soms selfs dat dit ’n geestelike bate is om negatief en sleg van myself te dink. Daar is ook mense wat hulle identiteit daarin vind oor wat hulle in hulle lewe al gedoen of bereik het. Dit kan ’n oordrewe positiewe of negatiewe identiteit tot gevolg hê.

Ons gaan in hierdie vyf sessies kyk na wat die Here in sy Woord sê oor my identiteit. In besonder my identiteit in Christus. Kan dit wees dat ek ’n valse identiteit najaag in my lewe? Hoe weet ek regtig wat God se wil oor die identiteit van die mens is?

Datum: 20 Augustus tot 17 September 2019

Tyd: 19:00 – 20:30 Elke Dinsdagaand

Plek: Gereformeerde Kerk Centurion

Koste: R100 pp

Gemeentekamp 2019

Tema: Loofhuttefees

Tema leier: Ds Maarten van Helden

Datum: 4 tot 6 Oktober 2019

Plek: Achterbergh Oase, Krugersdorp

Warm- en koeswembad, kampstaanplekke, huise en kamers beskikbaar. Kom geniet ’n naweek van speel, eet en lekker kuier. Koste (met etes vir die naweek):

Gesinskamers R330pppp, R300 per kind

Huise en luukse kamers R540pppp,
R510 per kind

Kamp R245pppp, R130 per kind

Kom ons loof die Here!

Kontak: PW Groenewald 0828990342

Geestelike Opbou

na afloop van die aanddiens

25 Aug 2019

olv ds Daniël Maritz

Is die Bybel regtig waar? Het Jesus regtig uit die dood uit opgestaan? Bestaan God ooit? Is al die godsdienste nie maar dieselfde nie?

Hierdie is die tipe vrae waarmee Christene gekonfronteer word en nie altyd goeie antwoorde voor het nie.

Kom luister gerus saam om te hoor hoekom dit belangrik is vir Christene om hierdie tipe vrae te antwoord.



VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

18-Aug	Bets	Kotze	C05	27723458304
	Winy	du Preez	B08	27835250439
	Sonja	vd Dussen	B17	27824137809
	GP	Smidt	A11	27825667633
19-Aug	Lukas	du Preez	B08	27791094553
	Magda	Pelser	A05	27827808746
	Gerrie	Viljoen	B05	27823784972
	Wynand	Loots	A08	27844717525
	Carina	Koch	B17	27724428655
20-Aug	Jan	Gouws	B15	27722972229
	Marlize	Bond	B04	27832599446
22-Aug	Pieter	Pretorius	C08	27716002708
	Gustav	Hoffmann	A02	27845531605
23-Aug	Eugene	Oosthuizen	B01	27825525607
	Frikkie	Pelser	A05	27827808756
24-Aug	Louis	van Staden	A15	27829407111
	Emmie	vd Zee	B07	27721093950
	Phillipa	Weyer	A11	27832320337
	Reg	Horak	B12	27842510685

DOOPLIDMATE

18-Aug	Christelle	Swanepoel	B05	27833769541
	Ruben	Venter	B06	27825622431
20-Aug	Carmi	van Niekerk	B04	27833843305
21-Aug	Leah	Erasmus	B09	27833566579
22-Aug	Ruben	Smidt	A11	27825667633
23-Aug	Christiaan	Jacobs	B14	27833567597
24-Aug	Pieter	Mulder	C12	27829680474

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die ere-diens is in die kombuis opgeplak.



18 Aug	A04	Laurette Snyman
	A05	Magda Pelser
	A08	Ronell Hoogenboezem
	C01	Monumentsig
25 Aug	A09	Zanie Kruger
	A10	Louise van Niekerk
	A11	Louisa van der Walt

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery.mail.co.za.

Kom luister en kuier saam oor hoekom dit so belangrik is om te weet wat jy eet. Aangebied deur Dr Nelly Silvis, 31 Aug 2019, 9:30 – 12:30, GK Centurion kerksaal, R150pp. Versnaperinge ingesluit. Besprekings teen 28 Aug. Ané 084 549 9831.

Tuinman soek werk. Andries werk al 25 jaar of langer by ons. Baie getrou en betroubaar. Hy is nou Dinsdae beskikbaar vir tuinwerk. Kontak Hein Kaiser 082 772 7718.

Damestee 12 Okt, 9:00-12:30, te Gk Centurion. Ten bate van Annabel Projek. Minderbevoorregte tiener dogters (Elandspoot). Ligte verversings ingesluit. Kom ondersteun ons asb! Petro 0729888640.

GK Lyttelton—Kerk bazaar

(hv Stasie en Monumentstr)

30/31 Augustus 2019

Vleis, groente, iets van alles...

Baie goedkoop!

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6



- Letitia Jonker ondergaan more 'n operasie (A10—073 143 8967).
- Daleen Gornall se gesondheid gaan vinnig agteruit (B9—082 778 5679).
- Huibie Stavast sterk aan na 'n skouervervangingsoperasie (C9—082 570 3079).
- Louis van Staden sterk aan na 'n rugoperasie in Unitas Hosp (A15—654 1851).
- Van van Wyk sterk tans aan in Unitas Hosp (A13—073 124 2327).
- Janes van Rooy ondergaan more 'n prosedure by Urologiese Hosp (B2—082 771 1518).

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Vergaderings

- 19 Aug—Bedieningskommissie 18:00
- 21 Aug—Ouderling blokvergaderings 18:00
- 22 Aug—Diakonievergadering 19:00

Uitnodiging: Terugvoer oor uitreik na Covenant College

Ons gaan terugvoer gee oor wat die Here gedoen het in en deur sy kinders op die uitreik. Wanneer: Sondagaand, **18 Aug** na die ere-diens.

Kom geniet koffie/tee, beskuit en koinonia saam met die uitreikspan.

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Vandag: Tydens ere-diens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo student



Volgende week: Tydens ere-diens: Barmhartigheid

By die deure: Jeugsorg

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis